Wes-Kaapse Regering
Onderwys

**Direktoraat: Kurrikulum VOO**

# TELEMATIESE ONDERRIG
# 2019

# REKENINGKUNDE
# Graad 12

Liewe Graad 12 Rekeningkunde-leerder

Welkom by die Telematiese onderrigprojek. Hierdie program sal jou hersienings- en studieprogram ondersteun ter voorbereiding vir jou finale Graad 12 Rekeningkunde-eksamen. DIt bied jou ook 'n geleentheid om wat jy in die klas geleer het, vas te lê. Maak asseblief van hierdie geleentheid gebruik deur elke sessie by te woon. Die aanbieders sal nie al die onderwerpe dek nie – hulle sal wel op belangrike aspekte van die onderwerpe in die leerplan fokus ten einde jou begrip daarvan te verbeter.

**Om Rekeningkunde te slaag moet jy op die volgende aspekte let:**

- Begin werk van die eerste dag af
- Let noukeurig op in die klas om seker te maak dat jy die werk verstaan
- Voltooi Rekeningkunde-huiswerk/-oefeninge ELKE dag. OEFEN…OEFEN…OEFEN
- Werk netjies en akkuraat
- Toon berekeninge in hakies
- Lees die instruksies by vrae/aktiwiteite deeglik en maak seker dat jy verstaan wat gevra word
- Voltooi take, assesseringsaktiwiteite en toetse met toewyding asof jy vir die finale eksamen voorberei
- Gebruik vorige eksamenvraestelle en toetse vir hersiening
- Gebruik jou voorbereidingstyd doelgerig; wanneer jy hersien, kies vrae wat jou swakker areas sal versterk.
- Gebruik die tydtoekenning vir elke vraag om te bepaal of jy dié vraag in die beskikbare tyd kan voltooi. Dit sal jou help om ALLE vrae in toetse en eksamens te beantwoord.

Alles van die beste met jou Graad 12-skooljaar. Hou jou oog op jou einddoel - om Rekeningkunde te goed te slaag!

Mev. Elmaree Eksteen
Senior Kurrikulumbeplanner: Rekeningkunde

**REKENINGKUNDE ROOSTER – GRAAD 12 2019**

| ***Datum*** | ***Onderwerp*** | ***Hierdie les sal die volgende dek:*** |
|---|---|---|
| **Dinsdag**<br>19 Feb 2019<br>15:00 – 16:00 | **Maatskappye** | ▪ Transaksies uniek aan maatskappye:<br>o Uitreik en terugkoopvan aandele<br>o Voorlopige belastingbetalings en finale inkomstebelastingaanslag<br>o Tussentydse en finale dividende<br>▪ Voorbereiding van die Inkomstestaat |
| | | |
| **Dinsdag**<br>26 Feb 2019<br>15:00 – 16:00 | **Maatskappye** | ▪ Doel van ‘n Balansstaat<br>▪ Opstel van die Balansstaat<br>▪ Opstel van Notas en/of berekeninge van toepaslike bedrae |
| | | |
| **Dinsdag**<br>5 Maart 2019<br>16:00 – 17:00 | **Maatskappye** | ▪ Die doel van 'n Kontantvloeistaat<br>▪ Drie soorte aktiwiteite wat in die Kontantvloeistaat verskyn<br>▪ Gedeeltelike voltooiing van 'n Kontantvloeistaat<br>▪ Hoe om die inligting in 'n Kontantvloeistaat te gebruik (vertolking) |
| | | |



Kopiereg voorbehou

## TELEMATIESE ONDERRIG 2019

## OORSIG VAN MAATSKAPPYE

| | | Jy moet die volgende kan doen | Belangrike aspekte om te onthou: |
|---|---|---|---|
| A | Transaksies uniek aan maatskappye<br>▪ Uitreik van aandele teen uitreikprys<br>▪ Terugkoop van aandele<br>▪ Inkomstebelasting<br>▪ Dividende<br>▪ Direkteursfooie<br>▪ Ouditfooie | ▪ Opstel van grootboekrekeninge<br>▪ Die gebruik van inligting om die finansiële state op te stel | ▪ Ken die verskil tussen gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal<br>▪ Weet hoe om die **gemiddelde aandeleprys** te bereken |
| | Ander transaksies<br>▪ Aankoop van vaste bates<br>▪ Verkoop van vaste bates | ▪ Berekening en optekening van waardevermindering<br>▪ Opstel van vaste bate-nota<br>▪ Gepaste optekening in Kontantvloeistaat | ▪ Ken die vaste bate-nota se formaat<br>▪ Weet hoe om die bateverkope-rekening op te stel om jou te help met jou berekeninge |
| B | Opstel van finale rekeninge en finansiële state<br>▪ Verdelingsrekening<br>▪ Inkomstestaat<br>▪ Balansstaat met notas<br>▪ Kontantvloeistaat | Opstel van 'n:<br>▪ Inkomstestaat met aansuiweringe<br>▪ Balansstaat<br>▪ Notas tot die Balansstaat (vaste bates, handels- en ander ontvangbare bedrae, gewone aandele-kapitaal, behoue inkomste, handels- en ander betaalbare bedrae)<br>▪ Kontantvloeistaat | ▪ Ken die **formate**<br>▪ Toon al jou **bewerkings** |
| C | Ontleding en vertolking van finansiële state | ▪ Bereken finansiële aanwysers<br>▪ Ontleed en vertolk finansiële aanwysers<br>o Vergelyk oor 2 jaar<br>o Vergelyk finansiële aanwysers van twee maatskappye. | ▪ Verstaan watter finansiële aanwysers gebruik word om watter aspek te vertolk<br>▪ Wanneer finansiële aanwysers ontleed word, onthou om die aanwyser(s) aan te haal, die werklike syfers/persentasie/ verhouding van beide jare/beide maatskappye te noem en te verduidelik (volgens die vraag). |



Kopiereg voorbehou

## UNIEKE GROOTBOEKREKENINGE VAN MAATSKAPPYE

Die proefbalans van ’n maatskappy is soortgelyk aan die van ’n eenmansaak of vennootskap. Daar is egter sommige unieke kenmerke in die proefbalans van ’n maatskappy soos hieronder aangetoon.

**ABC BEPERK**

**PROEFBALANS OP 30 JUNIE 2018**

| | | Debiet | Krediet | *Spesiale aantekeninge:* |
|---|---|---|---|---|
| **Balansstaatrekeninge-afdeling** | | | | |
| Gewone aandelekapitaal | | | 1 000 000 | Vergelyk dit met die Kapitaalrekeninge van ’n vennootskap - ons sal fokus op gewone aandele alhoewel voorkeuraandele ook kan bestaan. Hierdie bedrag toon die **Uitgereikte aandelekapitaal.** |
| Behoue inkomste | | | 110 000 | Die wins wat deur die maatskappy teruggehou is en nie tussen aandeelhouers verdeel is nie - die R110 000 is die bedrag aan die begin van die jaar, omdat die nominale-afdeling vir 2018 nog nie afgesluit is nie en die finale wins nog nie bereken is nie. |
| … | | | | |
| … | | | | |
| … | | | | |
| SAID (Inkomstebelasting) | | | 13 000 | Die bedrag verskuldig aan/deur SAID vir Inkomstebelasting (kan ’n debiet- of kredietsaldo wees). ‘n Kredietsaldo is die bedrag verskuldig aan die SAID (bedryfslas) en ‘n debietsaldo is die bedrag wat die SAID aan die maatskappy skuld (bedryfsbate). |
| SAID (LBS) | | | 3 000 | Nog ’n SAID-rekening soos in Graad 11 geleer. |
| SAID (BTW) | | | 7 000 | Nog ’n SAID-rekening soos in Graad 11 geleer. |
| … | | | | |
| Aandeelhouers vir dividende | | | 150 000 | Die dividende aan die jaar-einde wat nog nie aan aandeelhouers betaal is nie. Hierdie bedrag is die **FINALE dividende** verklaar/aanbeveel. |
| | | | | |
| **Nominalerekeninge-afdeling** | | | | |
| … | | | | |
| Direkteursfooie | | 400 000 | | Bedrae aan direkteure betaal om die maatskappy te beheer/bestuur. |
| Ouditeursfooie | | 70 000 | | Bedrae aan die onafhanklike ouditeur betaal vir sy dienste. |
| Inkomstebelasting | | 240 000 | | Die volle bedrag van Inkomstebelasting vir die jaar wat bereken word op die Netto wins voor belasting |
| Dividende op gewone aandele | | 225 000 | | Die deel van die wins wat tussen die aandeelhouers verdeel is. Hierdie bedrag is die **TUSSENTYDSE dividende** verklaar en betaal gedurende die jaar. |
| … | | | | |
| | | XXX | XXX | |



Kopiereg voorbehou

## AKTIWITEIT 1: Begrippe; Inkomstestaat

**1.1** Pas die volgende elemente van 'n maatskappy se jaarverslag met die beskrywing gegee. Skryf slegs die element langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| Inkomstestaat; Balansstaat; Kontantvloeistaat;<br>Direkteursverslag; Onafhanklike ouditverslag |

1.1.1 Toon die bedryfsaktiwiteite en netto wins of verlies vir 'n finansiële jaar

1.1.2 Toon die netto waarde van 'n maatskappy op 'n sekere datum

1.1.3 Toon die bronne van 'n maatskappy se fondse en hoe dit aangewend is.

1.1.4 Toon 'n uiteensetting van 'n maatskappy se aktiwiteite.

1.1.5 Toon 'n opinie oor die aanbieding van die maatskappy se finansiële state en die geloofwaardigheid daarvan.

## 1.2 Inkomstestaat

Die inligting hieronder het betrekking op Glad Beperk vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018.

**GEVRA:**

1.2.1 Verduidelik die doel van 'n Inkomstestaat.

1.2.2 Bereken die bedrae wat in die Inkomstestaat getoon sal word vir die aansuiweringe soos in die Antwoordeboek aangedui.

1.2.3. Voltooi die Inkomstestaat (Staat van Omvattende Inkomste) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018.

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit die Voor-aansuiweringsproefbalans op 28 Februarie 2018**

| | **Debiet** | **Krediet** |
|---|---|---|
| Toerusting | 575 000 | |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | | 115 000 |
| Lening: WSB Bank | | 1 250 000 |
| Debiteurekontrole | 525 000 | |
| Voorsiening vir oninbare skulde | | 10 500 |
| **Nominale rekeninge afdeling** | | |
| Verkope | | (?) |
| Koste van Verkope | 4 275 000 | |
| Kommissie Inkomste | | 132 000 |
| Ouditfooie | 73 500 | |
| Oninbare skulde | 14 520 | |
| Bankkoste | 9 200 | |
| Direkteursfooie | 497 800 | |
| Salarisse en Lone | 950 000 | |
| Huur uitgawes | 79 240 | |
| Rente op lopende bankrekening | | 2 500 |



Kopiereg voorbehou

**B. Aansuiweringe en addisionele inligting:**

(a) Die maatskappy handhaaf 'n winsgrens van 50% op kosprys. Let daarop dat ou goedere wat R95 000 gekos het (by koste van verkope ingesluit) teen 10% onder kosprys verkoop is.

(b) 'n Verskaffer het nie Februarie 2018 se kommissie oorbetaal nie.

(c) J. Mkize, 'n debiteur wat R1 600 geskuld het, is voorheen as oninbaar afgeskryf. Sy insolvente boedel het 40 sent in die rand op 25 Februarie 2018 uitbetaal. Die bedrag ontvang is nog nie ingeskryf nie.

(d) Suiwer die voorsiening vir oninbare skulde afwaarts aan met R3 000.

(e) 75% van die jaarlikse ouditfooie is betaal.

(f) Waardevermindering op toerusting vir die finansiële jaar is geboekstaaf as R46 000. Daar is egter vasgestel dat die bedrag R57 500 moet wees.

(g) Die maatskappy het drie direkteure wat almal dieselfde fooi verdien. Een direkteur is twee maande vooruit betaal.

(h) 'n Stoorkamer word vanaf 1 Junie 2017 teen R11 200 per maand gehuur. Huur het op 1 Desember 2017 met 7,5% verhoog. Voorsien vir uitstaande huur uitgawes.

(i) **Lening: WSB Bank**
- Vaste maandelikse terugbetalings, rente ingesluit, is R31 600.
- Gekapitaliseerde rente vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 het R242 500 beloop.
- Rente vir die volgende finansiële jaar sal na verwagting R162 000 wees.
- 'n Gedeelte van die lening sal binne die volgende finansiële jaar terugbetaal word.

(j) Inkomstebelasting is bereken teen 30% van die netto wins voor belasting.

*Skandeer dié QR kode vir die formate van finansiële state*



Kopiereg voorbehou

## **AKTIWITEIT 2:** Balansstaat; Notas en ander berekeninge

Die inligting hieronder het betrekking op OBC Bpk. Hul finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2018.

**GEVRA:**

2.1 Bereken die ontbrekende bedrae wat deur (a) tot (h) in die Vaste bate-nota aangedui is.

2.2 Voltooi die Handel en ander ontvangbare-nota tot die Balansstaat.

2.3. Voltooi die Totale Bates-deel van die Balansstaat (Staat van Finansiële posisie) op 28 Februarie 2018.
**Let wel:** Toon berekeninge waar notas nie gevra word nie.

**INLIGTING:**

**A. Bedrae geneem uit die boeke op 28 Februarie 2018:**

| **Balansstaatrekeninge-afdeling** | **R** |
|---|---|
| Grond en geboue | ? |
| Voertuie teen kosprys | 1 580 000 |
| Toerusting teen kosprys | 440 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie (1/3/2017) | 720 500 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1/3/2017) | 310 000 |
| Lening van Brix Bank | 384 000 |
| Vaste deposito: Gold Bank (6% p.j.) | 250 000 |
| Voorraad | ? |
| Debiteurekontrole | 70 500 |
| Voorsiening vir oninbare skulde (1 Maart 2017) | 2 300 |
| Bank (gunstig) | 58 000 |
| SAID (inkomstebelasting) (Dt) | 18 000 |
| Krediteurekontrole | 184 000 |
| **Nominale rekeninge-afdeling (voor-aansuiweringsbedrae)** | |
| Versekering | 30 200 |
| Huur inkomste | 108 450 |
| Elektrisiteit | 61 000 |



Kopiereg voorbehou

**B. Vaste bates:**

| | GROND EN GEBOUE | VOERTUIE | TOERUSTING | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| Drawaarde (01/03/2017) | **2 200 000** | | **94 800** | |
| Kosprys | | | **404 800** | |
| Opgehoopte waardevermindering | | **(720 500)** | **(310 000)** | |
| **Bewegings:** | | | | |
| Toevoegings | **(a)** | **180 000** | **35 200** | |
| Bateverkope | 0 | 0 | **(e)** | |
| Waardevermindering | 0 | **(c)** | **(f)** | |
| Drawaarde (28/02/2018) | **(b)** | **(d)** | **(g)** | **(h)** |
| Kosprys | | **1 580 000** | **440 000** | |
| Opgehoopte waardevermindering | | | | |

**Grond en Geboue:**

- PPC Konstruksie is R80 000 betaal vir opgraderings (R50 000) en algemene herstelwerk en onderhoud (R30 000).

**Voertuie:**

- 'n Nuwe voertuig (kosprys R180 000) is op 1 September 2017 aangekoop en behoorlik opgeteken.
- Waardevermindering op voertuie: 20% p.j. op die verminderde saldo-metode.

**Toerusting:**

- Ou toerusting (kosprys R21 000) is aan 'n werknemer verkoop vir R2 500 kontant op 30 Junie 2017. Die drawaarde van hierdie toerusting op die eerste dag van die finansiële jaar was R2 800. Die boekhouer het geen inskrywings gemaak nie, omdat hy nie seker van die prosedure is nie. Addisionele toerusting, kosprys R35 200, was aangekoop en ingeskryf op 1 Augustus 2017.
- Waardevermindering op toerusting: 15% p.j. op kosprys.

**C.** Voorsiening vir oninbare skulde moet verhoog word na R3 600.

**D.** Daar was 'n oorbetaling van R2 000 op Februarie 2018 se elektrisiteitsrekening. Dit sal in Maart 2018 reggestel word.

**E.** 'n Addisionele versekeringspolis is op 1 November 2017 uitgeneem. Die jaarlikse premie van R10 200 is betaal en geboekstaaf.

**F.** Die huur vir Februarie 2018 is nog nie ontvang nie. Huur het op 1 Julie 2017 met 15% verhoog.

**G.** R50 000 van die vaste deposito sal op 1 April 2018 verval.



Kopiereg voorbehou

## AKTIWITEIT 3: Balansstaat met notas en berekeninge

Die inligting hieronder het betrekking op Tiktok Bpk. Hul finansiële jaar eindig op 30 Junie 2018.

### GEVRA:

3.1 Die Balansstaat toon die netto waarde van 'n besigheid. Verduidelik hierdie stelling. Ondersteun jou antwoord met 'n berekening.

3.2 Bereken die bedrag verskuldig aan / deur die SAID vir inkomstebelasting op 30 Junie 2018.

3.3 Voltooi die notas tot die Balansstaat vir:

3.3.1 Gewone Aandelekapitaal

3.3.2 Behoue inkomste

3.3.3. Handel en ander betaalbares

3.4 Voltooi die Ekwiteit en Laste-deel van die Balansstaat.
Let wel: Toon berekeninge waar notas nie gevra is nie.

### INLIGTING:

**A. Bedrae geneem uit die boeke op 30 Junie 2018, nadat alle aansuiweringe in berekening gebring is:**

| | R |
|---|---|
| Gewone aandelekapitaal | ? |
| Behoue inkomste | ? |
| Verbandlening: Khaya Bank | 800 000 |
| Debiteurekontrole | 123 000 |
| Krediteurekontrole | 75 000 |
| Opgelope inkomste | 7 400 |
| Vooruitontvange inkomste | 8 500 |
| Vooruitbetaalde uitgawes | 18 600 |
| Opgelope uitgawes | 6 100 |
| Oortrokke bank | ? |
| SAID (inkomstebelasting) | ? |
| Total Bates | 4 816 600 |

**B. Inkomstebelasting**

- Debietsaldo vir SAID: inkomstebelasting op 1 Julie 2017, R10 800
- Belastingterugbetaling van die SAID op 25 Julie 2017, R10 800
- Totale voorlopige belastingbetalings gedurende die jaar gemaak, R212 200
- Die inkomstebelastingkoers is 30%.

**C.** Die netto wins na belasting in die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2018, R604 800.



Kopiereg voorbehou

**D. Aandelekapitaal:**

- Tiktok Bpk is geregistreer met 'n aandelekapitaal van 800 000 gewone aandele
- Op 1 Julie 2017 was 50% van die gemagtigde aandele uitgereik, R2 400 000.
- Op 31 Januarie 2018 is nog 100 000 aandele teen R8 per aandeel uitgereik. Dit was behoorlik geboekstaaf.
- Op 15 April 2018 is 30 000 aandele teruggekoop vir R7,80 per aandeel. Die aandeelhouer het nie vir finale dividende gekwalifiseer nie. Alle toepaslike inskrywings is gemaak.

**E. Dividende:**

- Tussentydse dividende op 1 Desember 2017 verklaar en betaal, R100 000
- 'n Finale dividend van 20 sent per aandeel is op 28 Junie 2018 verklaar.

**F. Verbandlening: Khaya Bank**

20% van die lening sal in die volgende finansiële jaar terugbetaal word.

**G. Uitstaande tjek:**

Tjek 2181 vir R7 500, gedateer vir 31 Julie 2018 en uitgereik aan 'n krediteur, was steeds op 30 Junie 2018 uitstaande.



Kopiereg voorbehou

## AKTIWITEIT 4: Balansstaat

**JUMBO BEPERK**

Jy word voorsien van inligting vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2019.

### GEVRA:

4.1 Bereken op 1 Februarie 2019:

- Die gemiddelde prys per aandeel
- Die waarde van die aandele wat teruggekoop is

4.2 Voltooi die Behoue inkomste-nota op 28 Februarie 2019:

4.3 Voltooi die Balansstaat (Staat van Finansiële Posisie) op 28 Februarie 2019. Toon alle bewerkings.

### INLIGTING:

**A. Bedrae geneem uit die boeke van Jumbo Bpk op 28 Februarie 2019, die einde van die finansiële jaar.**

| | **R** |
|---|---:|
| Gewone aandelekapitaal | 10 450 000 |
| Behoue inkomste (1 Maart 2018) | 1 850 000 |
| Vaste bates teen drawaarde | 11 388 400 |
| Lening van direkteur: C. Crosby (Sien Inligting E) | 1 155 000 |
| Vaste deposito: ORT Bank | **?** |
| Voorraad | **?** |
| Krediteurekontrole | 478 000 |
| Debiteurekontrole | 356 000 |
| Voorsiening vir oninbare skulde (1 Maart 2018) | 16 000 |
| Bank (gunstig) | **?** |
| Opgelope uitgawes (uitgawes betaalbaar) | 12 000 |
| Vooruitbetaalde uitgawes | 6 800 |
| SAID (inkomstebelasting) (voorlopige belastingbetalings) | 1 028 000 |

**B. Aandelekapitaal:**

- Jumbo Bpk is gemagtig om 5 000 000 gewone aandele uit te reik.
- 3 000 000 aandele was op 1 Maart 2018, die begin van die finansiële jaar uitgereik, R6 000 000.
- 1 000 000 nuwe aandele is op 1 Desember 2018 uitgereik teen 'n markverwante waarde van R5 per aandeel.
- 200 000 aandele is op 1 Februarie 2018 teruggekoop. 'n Betaling van R770 000 is op 5 Februarie 2018 gemaak.



Kopiereg voorbehou

**C. Dividende:**

- Die direkteure het 'n tussentydse dividend van R840 000 op 28 Augustus 2018 uitbetaal.
- 'n Finale dividend van 44 sent per aandeel is op 27 Februarie 2018 verklaar. Alle aandele (insluitend die teruggekoopte aandele op 1Februarie 2018) kwalifiseer vir finale dividende. Hierdie dividende sal op 31 Maart 2018 betaal word.

**D. Netto wins voor belasting:**

- Nadat alle relevante inligting in ag geneem is, is die netto wins voor belasting akkurat bereken op R3 600 000.
- Inkomstebelasting teen 'n koers van 30% moet nog in berekening gebring word.

**E. Lening van direkteur C. Crosby:**

- Die lening is oorspronklik op 1 Desember 2016 ontvang.
- Hierdie lening moet oor 5 jaar in gelyke maandelikse paaiemente terugbetaal word vanaf 31 Desember 2016. Alle betalings is gemaak.
- Rente is nie gekapitaliseer nie en is ten volle betaal.

**F. Voorsiening vir oninbare skulde:**

Voorsiening vir oninbare skulde moet teen 5% van die uitstaande debiteure gehandhaaf word.

**G. Finansiële aanwysers** wat bereken is nadat alle aansuiweringe in berekening gebring is:

| | |
|---|---|
| Bedryfskapitaalverhouding | 1,3 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 0,8 : 1 |

## <u>AKTIWITEIT 5:</u> Kontantvloeistaat - berekeninge

Jy word voorsien van inligting wat betrekking het op IMP Bpk. Hul finansiële jaar het op 28 Februarie 2018 geëindig.

### GEVRA:

5.1 Verduidelik die verskil tussen 'n Balansstaat en 'n Kontantvloeistaat.

5.2 Bereken die ontbrekende bedrae wat deur (a) tot (g) in die Kontantvloeistaat aangedui is. Dui by elke antwoord aan of dit 'n ***invloei*** of ***uitvloei*** is. Toon hakies waar van toepassing.

5.3 **Verwys na Inligting H:**

Lewer kommentaar op die dividend-uitbetalingsbeleid van die maatskappy. Verwys na beide finansiële jare en haal relevante syfers aan.



Kopiereg voorbehou

## INLIGTING:

### A. KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEëINDIG 28 FEBRUARIE 2018

| | **2018** |
|---|---:|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | |
| Kontant uit bedrywighede gegenereer | |
| Rente betaal | **(188 000)** |
| Inkomstebelasting betaal | (a) |
| Dividende betaal | (b) |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | |
| Aankope van vaste bates | (c) |
| Opbrengs uit die verkoop van vaste bates | **286 000** |
| **Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite** | |
| Opbrengs uit aandele uitgereik | **1 200 000** |
| Terugkoop van aandele | (d) |
| Verandering in langtermynlenings | (e) |
| **Netto verandering in Kontant en kontantekwivalente** | **(g)** |
| Kontant en kontantekwivalente begin van die jaar | (f) |
| Kontant en kontantekwivalente einde van die jaar | **199 000** |

### B. Uittreksel uit die Inkomstestaat op 28 Februarie 2018:

| | **R** |
|---|---:|
| Verkope | 6 200 000 |
| Waardevermindering | 425 000 |
| Rente op lening | 188 000 |
| Netto wins voor belasting | 1 600 000 |
| Netto wins na belasting | 1 120 000 |



Kopiereg voorbehou

**C. Uittreksel uit die Balansstate:**

| | **28 Feb 2018** | **28 Feb 2017** |
|---|---|---|
| **Vaste bates** (drawaarde) | 8 350 000 | 7 931 000 |
| **Bedryfsbates** | 1 310 000 | 922 000 |
| Voorraad | 535 000 | 390 000 |
| Handel en ander ontvangbares | 462 000 | 530 000 |
| SAID (inkomstebelasting) | 114 000 | |
| Kontant en kontantekwivalente | 199 000 | 2 000 |
| **Totale Bates** | 9 660 000 | 8 853 000 |
| | | |
| **Gewone Aandeelhouersbelang** | 5 903 000 | 4 423 000 |
| Gewone aandelekapitaal | 5 000 000 | 4 100 000 |
| Behoue inkomste | 903 000 | 323 000 |
| **Nie-bedryfslaste (Verbandlening)** | 2 100 000 | 2 800 000 |
| **Bedryfslaste** | 1 657 000 | 1 630 000 |
| Handel en ander betaalbares | 1 332 000 | 980 000 |
| SAID (inkomstebelasting) | 0 | 128 000 |
| Aandeelhouers vir dividende | 325 000 | 300 000 |
| Oortrokke Bank | | 222 000 |
| **Totale Ekwiteit en Laste** | 9 660 000 | 8 853 000 |

**D.** Nuwe aandele ter waarde van R1 200 000 is gedurende die jaar uitgreik.

**E.** Aandele is op 26 Februarie 2018 van ontevrede aandeelhouers teruggekoop. Die gemiddelde aandeelprys is teen Gewone aandelekapitaal gedebiteer. ‘n Verdere R45 000 is uit Behoue Inkomste gebruik om die terugkoop te finansier. Hierdie transaksie is behoorlik geboekstaaf.

**F.** Tussentydse dividende van R370 000 is op 30 Junie 2017 uitbetaal.

**G.** Vaste bates van R286 000 (drawaarde) is gedurende die jaar verkoop. Addisionele toerusting is aangekoop om die verkoopte bates te vervang.

**H. Finansiële aanwysers vir die afgelope twee jaar:**

| | **28 Feb 2018** | **28 Feb 2017** |
|---|---|---|
| Opbrengs op aandeelhouersekwiteit (OOAHE) | 23,5% | 15,2% |
| Verdienste per aandeel (VPA) | 210 sent | 180 sent |
| Dividende per aandeel (DPA) | 70 sent | 170 sent |



Kopiereg voorbehou

## AKTIWITEIT 6: Kontantvloeistaat en ontleding

Die inligting hieronder het betrekking op Blooms Beperk, 'n maatskappy wat op die JSE genoteer is. Hul finansiële jaar eindig 31 Augustus elke jaar.

### GEVRA:

6.1 Voltooi die nota vir Kontant gegenereer uit bedrywighede.

6.2 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 31 Augustus 2018.

6.3 Bereken die skuld-ekwiteitverhouding op 31 Augustus 2018.

6.4 Die direkteure het besluit om 'n groot deel van die lening terug te betaal. Dink jy dit was goeie besluit? Haal TWEE relevante finansiële aanwysers en syfers aan om jou mening te staaf.

6.5 Afgesien van die terugbetaling van die lening het die direkteure ook ander belangrike besluite geneem wat die kontantsaldo's beïnvloed het. Noem TWEE ander belangrike besluite (wat R400 000 oorskry) en haal ook syfers aan. Dui ook by ELKE besluit aan hoe dit die toekoms van die maatskappy sal beïnvloed.

### INLIGTING:

**A. Uittreksel uit die Inkomstestaat op 31 Augustus 2018:**

| | |
|---|---|
| Rente uitgawes (alle rente verskuldig is betaal) | R104 000 |
| Waardevermindering | R356 000 |
| Inkomstebelasting | R187 100 |
| Netto wins na belasting | R480 900 |



Kopiereg voorbehou

**B. Uittreksel uit die Balansstaat op 31 Augustus**

| | 2018 | 2017 |
|---|---|---|
| Vaste bates (drawaarde) | 5 137 400 | 4 348 700 |
| Finansiële bates (Beleggings) | 300 000 | 460 000 |
| Voorraad | 389 000 | 524 000 |
| Handel en ander ontvangbares | 428 000 | 390 000 |
| SAID: Inkomstebelasting | 4 500 | |
| Kontant en kontantekwivalente | ? | 28 700 |
| Aandeelhouersekwiteit (Gemiddelde: R4 240 450) | 4 784 900 | 3 696 000 |
| Nie-bedryfslaste | 800 000 | 1 600 000 |
| Handel en ander betaalbares | 249 000 | 330 000 |
| Aandeelhouers vir dividende | 192 000 | 176 000 |
| SAID: Inkomstebelasting | | 12 600 |
| Oortrokke Bank | ? | |

**C. Aandele en dividende**

- 400 000 aandele was op 1 September 2017 uitgereik.
- 'n Addisionele 200 000 aandele is in Desember 2017 teen R10 elk uitgereik.
- 120 000 aandele is in Januarie 2018 teen R9 per aandeel teruggekoop.
- Tussentydse dividende is gedurende die jaar uitbetaal.
- Finale dividende is op 30 Augustus 2018 verklaar.

**D. Vaste bates:**

- Uitbreidings aan die bestaande geboue is gedurende Februarie 2018 gedoen.
- Geen bates is gedurende die jaar verkoop nie.

**E. Finansiële aanwysers vir die afgelope twee jaar:**

| | 2018 | 2017 |
|---|---|---|
| Skuld-ekwiteitverhouding | **?** | 0,4 : 1 |
| Opbrengs op aandeelhouersekwiteit (OOAHE) | 11,4 | 10,8% |
| Opbrengs op totale kapitaal aangewend (OOTKA) | 14,2% | 13,2% |
| Rentekoers op lenings | 9.5% | 9.0% |

Skandeer dié QR-kode vir 'n kort video oor die ontleding van finansiële state



Kopiereg voorbehou

## AKTIWITEIT 7: Kontantvloei en vertolking

Jy word voorsien van inligting wat betrekking het op Sedar Bpk vir die afgelope twee finansiële jare geëindig 30 Junie.

## GEVRA:

***LET WEL:*** ***Verskaf syfers of finansiële aanwysers en vergelykings met die vorige jaar om jou kommentaar of verduidelikings te ondersteun.***

7.1 Bereken die volgende vir 2018:

7.1.1 % bedryfsutigawes op verkope

7.1.2 Vuurproefverhouding

7.1.3 % opbrengs op aandeelhouersekwiteit

7.2 Bereken die volgende syfers wat in die 2018 Kontantvloeistaat sal verskyn:

7.2.1 Verandering in beleggings

7.2.2 Inkomstebelasting betaal

7.2.3 Vaste bates verkoop (teen drawaarde)

7.3
- Identifiseer DRIE besluite in die Kontantvloeistaat wat die direkteure geneem het om vir die grond en geboue te betaal.
- Verduidelik hoe hierdie besluite 'n invloed gehad het op:

  - kapitaal aangewend

  - finansiële hefboom (haal TWEE syfers aan)

7.4 **Dividende en aandeelhouding vir die 2018 finansiële jaar:**

- Op 1 Julie 2017 was daar reeds 800 000 aandele uitgereik.
- Op 31 Desember 2017 is tussentydse dividende betaal.
- Op 1 Januarie 2018 is 200 000 aandele aan bestaande aandeelhouers uitgereik.
- Op 30 Junie 2018 is finale dividende van 75 sent per aandeel op alle aandele verklaar, maar nog nie betaal nie.

7.4.1 Bereken vir die 2018 finansiële jaar:

- Totale tussentydse (interim) dividende betaal
- Interim (tussentydse) dividende per aandeel

7.4.2 Bereken die totale dividende wat Joy Finch vir die 2018-finansiële jaar vedien het. Haar aandeelhouding is:

| | AANDELE GEKOOP | AANKOOPPRYS |
|---|---|---|
| 31 Augustus 2016 | 380 000 aandele | R7,00 |
| 1 Januarie 2018 | 110 000 aandele | R20,00 |
| TOTAAL | 490 000 aandele | |

7.4.3 Elke aandeelhouers is op 1 Januarie 2018 twee aandele aangebied vir elke vyf aandele wat hy/sy besit. Joy het nie genoeg aandele gekoop om die meerderheidsaandeelhouer te word nie.

Bereken the minimum getal addisionele aandele wat Joy moes gekoop het.



Kopiereg voorbehou

7.5 Die HUB, Ben Hlubane, wil goeie nuus aan die aandeelhouers by die AJV oordra. Gee raad oor wat hy oor die volgende onderwerpe moet sê:

- Verdienste per aandeel
- % opbrengs op aandeelhouersekwiteit (OOAHE)
- Aandeelprys op die JSE

**INLIGTING VIR DIE JAAR GEëINDIG 30 JUNIE:**

**A. Uittreksel uit die Inkomstestaat:**

| | **2018** | **2017** |
|---|---|---|
| Verkope | R13 182 000 | R7 740 000 |
| Bedryfsuitgawes | 1 900 000 | 1 500 000 |
| Waardevermindering | 412 000 | 275 000 |
| Inkomstebelasting | 819 000 | 444 000 |
| Netto wins na belasting | 1 911 000 | 1 036 000 |

**B. Uittreksel uit Balansstaat:**

| | **2018** | **2017** |
|---|---|---|
| Vaste bates (drawaarde) | R12 154 000 | R8 031 000 |
| Beleggings | 625 000 | 600 000 |
| Bedryfsbates | 2 427 000 | 2 090 000 |
| Voorraad | 1 652 000 | 1 250 000 |
| Handel en ander ontvangbares | 365 000 | 820 000 |
| SAID: Inkomstebelasting | 0 | 15 000 |
| Kontant en kontantekwivalente | 410 000 | 5 000 |
| Aandeelhouersekwiteit | 12 112 000 | 7 191 000 |
| Nie-bedryfslaste (Lening) | 1 850 000 | 2 600 000 |
| Bedryfslaste | 1 244 000 | 930 000 |
| Handel en ander betaalbares | 420 000 | 515 000 |
| Aandeelhouers vir dividende | 750 000 | 280 000 |
| SAID (inkomstebelasting) | 74 000 | 0 |
| Oortrokke Bank | 0 | 135 000 |



Kopiereg voorbehou

## C. Kontantvloeistaat:

| | 2018 | 2017 |
|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | R1 850 000 | R1 046 000 |
| Kontant uit bedrywighede gegenereer | 3 322 000 | 1 989 000 |
| Rente betaal | ? | (260 000) |
| Dividende betaal | (520 000) | (254 000) |
| Inkomstebelasting betaal | ? | (429 000) |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | **(4 560 000)** | **(167 000)** |
| Aankope van grond en geboue | 4 840 000 | 0 |
| Verkoop van vaste bates | ? | 383 000 |
| Verandering in beleggings | ? | (550 000) |
| **Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite** | **3 250 000** | **(400 000)** |
| Aandelekapitaal uitgereik | 4 000 000 | 0 |
| Aandele teruggekoop | 0 | (1 000 000) |
| Verandering in nie-bedryfslaste | | |
| | | |
| Kontant en kontantekwivalente: Netto verandering | 540 000 | 479 000 |
| Beginsaldo | (130 000) | (609 000) |
| Eindsaldo | 410 000 | (130 000) |

## D. Finansiële aanwysers:

| | 2018 | 2017 |
|---|---|---|
| Winsopslag-% behaal | 58% | 72% |
| Bedryfsuitgawes op verkope | **?** | 19,4% |
| Skuld-ekwiteitverhouding | 0,2 : 1 | 0,4 : 1 |
| Vuurproefverhouding | **?** | 0,9: 1 |
| Opbrengs op aandeelhouersekwiteit (OOAHE) | **?** | 14,4% |
| Opbrengs op kapitaal aangewend (OOTKA) | 20,8% | 17,8% |
| Verdienste per aandeel | 208 sent | 130 sent |
| Dividende per aandeel | **?** | 70 sent |
| Dividenduitbetalingskoers | 50% | 54% |
| Netto batewaarde per aandeel | 1 211 sent | 899 sent |
| Markprys op aandelebeurs (JSE) | 2 800 sent | 2 100 sent |
| Rente op lening | 12% | 12% |
| Rente op beleggings | 7% | 6% |



Kopiereg voorbehou

## ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE

| | Vrae deur gebruikers van finansiële state gevra | Kategorie | Finansiële aanwysers | Hoe om te bereken |
|---|---|---|---|---|
| **1** | Is die maatskappy doeltreffend in sy gewone bedryfs-aktiwiteite? | Winsgewend-heid | Winsopslag % OF<br>% Bruto wins op koste van verkope | Bruto wins / Koste van verk x 100 / 1 |
| | | | % Bruto wins op verkope | Bruto wins / Verkope x 100 / 1 |
| | | | % Bedryfsuitgawes op verkope | Bedryfsuitgawes / Verkope x 100 / 1 |
| | | | % Bedryfswins op verkope | Bedryfswins / Verkope x 100 / 1 |
| | | | % Netto wins na belasting op verkope | Netto wins na belasting / Verkope x 100 / 1 |
| **2** | Kan die maatskappy al sy skuld met gemak vereffen? | Solvensie | Solvensie-verhouding | Totale bates : Totale Laste |
| **3** | Kan die maatskappy sy korttermyn / onmiddellike skuld met gemak vereffen? | Likiditeit | Bedryfsverhouding | Bedryfsbates (BB) : Bedryfslaste (BL) |
| | | | Vuurproefverhouding | (BB - Voorraad) : BL<br>*of* (Debieteure + Kontant) : BL |
| | | | Voorraad omsetsnelheid | Koste v. verkope / Gem. Voorraad |
| | | | Voorraadhoudingstydperk /<br>Tydperk waarvoor daar genoeg voorraad voorhande is | Gem. Voorraad / Koste v. verkope x 12 / 1 (365) / 1 |
| | | | Gemiddelde debieteure-invorderingstermyn | Gem. Debieteure / Kredietverkope x 100 = …c |
| | | | Gemiddelde krediteure-betalingstermyn | Gem. Krediteure / Kredietaankope x 100 = …c |
| **4** | Verdien aandeel-houers 'n redelike bedrag in terme van hul belegging in aandele? | Opbrengs | % Opbrengs op aandeel-houersekwiteit (OOAE) | Netto wins na belasting / Gem. AHE x 100 = …c |
| | | | Verdienste per aandeel (VPA) | Netto wins na belasting / Aantal uitgereikte aandele x 100 = …c |
| | | | Dividende per aandeel (DPA) | Dividende / Aantal uitgereikte aandele x 100 = …c |
| | | | Netto batewaarde per aandeel (NBW) | Totale AHE / Aantal uitgereikte aandele x 100 = …c |
| **5** | Tot watter mate word die maatskappy deur lenings gefinansier in vergelyking met eie kapitaal? | Finansiële risiko/ hefboom-finansiering | Skuld-ekwiteitverhouding / Skuld-eienaarsbelangver-houding | Niebedryfslaste : AHB<br>LT-lenings : AHE<br>= … : 1 |
| | | | % Opbrengs op totale kapitaal aangewend (OOTKA) | NW voor belasting & rente / Aantal uitgereikte aandele x 100<br>= ….% |



Kopiereg voorbehou